# 356. NET SOOS EK IS, GEEN HULP NABY

```
        C                      G      C
1.      Net soos ek is, geen hulp naby;
           G                   F   G   C
        net maar U bloed gestort vir my;
          C              F
        getrek tot U deurboorde sy –
           C                   G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red  my!

        C                    G        C
2.      Net soos ek is, ek wag nie meer;
           G                 F   G   C
        ek kom, so vuil bevlek, Yahweh;
          C                  F
        ek werp my aan U voete neer –
           C                   G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!

        C                    G        C
3.      Net soos ek is, ofskoon altyd
          G                  F   G   C
        gepla deur twyfel, haat en nyd;
           C                   F
        van binne vrees, van buite stryd –
           C                   G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!

        C                  G         C
4.      Net soos ek is, ellendig, blind,
           G                  F   G   C
        soms tot die wêreld so gesind;
          C            F
        in U alleen is heil te vind –
           C                   G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!

        C                     G    C
5.      Net soos ek is nooi U vir my,
           G            F   G   C
        vergewe, reinig en bevry;
          C            F
        op U belofte steun ek bly –
           C                   G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!
```

```
        C                  G     C
6.      Net soos ek is, U liefde teer
              G          F  G  C
        werp alle hinderpale neer;
           C            F
        vir ewig wy ek my aan U –
            C                 G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!

        C                   G     C
7.      Net soos ek is, om U gena,
            G                       F   G   C
        wat eind'loos stroom van Golgota,
            C             F
        hier te geniet en ook hierna –
            C                 G   G7  C
        Yahweh my God, red my, red my!
```